

Van stormsee tot wederkomswolke



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 7, 2 Tessalonicense 2:1-12, Romeine 8:1, Markus 13:26, Lukas 9:26 en hfst. 12:8, asook 1 Timoteus 2:5.

Geheeteks:

“Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is ’n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (*Daniël 7:27, OAB*).

Hierdie week se onderwerp, dié in Daniël 7, loop parallel met die droom in hoofstuk 2. Daniël 7 brei egter uit op die voorspellings in Daniël 2. Eerstens sien die profeet ’n nagtoneel, met die wind uit al vier windstreke wat die see onstuimig maak. Die twee elemente water en donkerte laat ’n mens aan die skepping dink, maar iets is nie pluis nie. Daar is klaarblyklik ’n aanslag teen die skepping, dit is verwronge. Tweedens is al die diere in die visioen onrein; en elkeen is ’n kruising van spesies wat op ’n skending van die geskape orde neerkom. Derdens oefen die diere in die visioen mag oor ander uit. Dit wil voorkom of die heerskappy wat God aan Adam in die tuin van Eden gegee het, wederregtelik deur hierdie moondhede ingepalm word. Vierdens is die wederkoms van die Seun van die mens ’n keerpunt, waarin daardie Godgegewe heerskappy aan die regmatige rentmeesters terugbesorg word. Dit wat Adam in Eden verloor het, herstel die Seun van die mens met die hemelse oordeel. Die bovermelde beskrywing bied die leser ’n arends blik op die slottonele van die wêreldgeskiedenis, waarin ’n string beelde ’n digverweefde agtergrondskildery vorm. Gelukkig verklaar die engel sommige van die noodsaaklikste dele, wat ’n mens ten minste vatplek aan hierdie wonderlike profesie gee.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 22 Februarie.*

Die vier diere

Lees Daniël 7. Wat sien Daniël hier in 'n neutedop, en waaroor gaan die visioen?

Elke dier wat Daniël sien, stem met 'n gedeelte van die groot beeld in Nebukadnesar se droom ooreen. Nietemin beskryf dit telkens die onderskeie koninkryke in fyner besonderhede. Al die nasies in die visioen is natuurlik heidens, en interessant genoeg, is al die diere wat hulle versinnebeeld onrein diere. Buiten vir die vierde dier beskryf Daniël deurgaans bekende diere uit die diereryk. Die gekose diere-beelde vertoon dus 'n planmatigheid en is nie na willekeur gekies nie. Elke dier vertoon immers eienskappe wat met hul ooreenstemmende koninkryke strook.

Die leeu: Dit is 'n besonder gepaste beskrywing van Babilon. Gevleuelde leeus was 'n algemene verskynsel in Babiloniese kuns en koninklike argitektuur. Die leeu in die visioen se vlerke word uiteindelik afgeruk. Hy begin om regop te loop soos 'n mens, en ontvang ook 'n mensehart. Dit simboliseer die agteruitgang en verwording van die Babiloniese Ryk onder die laaste paar konings.

Die beer: Die beer dui op Medo-Persië. Die feit dat dit “aan die een kant operig” was (oftewel “op sy agtervoete gestaan het”), dui op die Perse se oorheersing m.b.t. die Mede. Die drie ribbene tussen sy tande versinnebeeld die groot plekke wat die Medo-Persiese Ryk verower het: Lidië, Babilon en Egipte.

Die luiperd: Die vinnige luiperd dui op die Griekse Ryk wat deur Aleksander die Grote tot stand gebring is. Die vier vlerke maak hierdie dier selfs nog vinniger as sy voorgangers. Dit is 'n gepaste beskrywing van keiser Aleksander wat binne die bestek van 'n paar jaar die ganse bekende wêreld van destyds ingepalm het.

Die skrikwekkende en vreesaanjaende dier: Die voorafgaande entiteite word versinnebeeld deur diere wat min of meer bekend lyk, terwyl die vierde totaal eiesoortig is. Met ander woorde: Die eerste drie is “soos” 'n leeu of “soos” 'n beer of “soos” 'n luiperd, maar die vierde lyk nie soos enigiets uit die diereryk nie. Dié gedrog met sy vele horings blyk ook wreder en roofsugtiger as sy voorgangers te wees. Dit is dus 'n gepaste beskrywing van heidense Rome, d.w.s. die voete van yster (soos Nebukadnesar in sy droom gesien het), wat almal en alles verower, regeer en vertrap het.

Oor duisende jare heen het hierdie mensgemaakte ryke gekom en gegaan, net soos die Bybel voorspel het. Hoe vertroostend is die wete dat God bo al die rumoer, onrus – en met tye, totale chaos – as oppergesag regeer? Wat sê dit vir 'n mens oor die betroubaarheid van die Skrif?

Die klein horinkie

Lees Daniël 7:7 en 8, asook verse 19-25. Wie is die kleinhorinkie-mag wat regstreeks verrys uit die vierde dier en tog deel daarvan bly?

Gister het ons vasgestel dat die verskriklike dier met die tien horings wat die wêreld wreed onderdruk het, op heidense Rome dui. Nou moet ons die klein horinkie en die mag wat dit versinnebeeld, bekyk. In die visioen sien 'n mens dat drie van die vierde dier se tien horings uitgepluk word, om plek vir 'n klein horinkie te maak. Dié horinkie het oë soos 'n mens en raak allerhande “verwaande dinge” kwyt (*Dan. 7:8, NAB*). Duidelik is hierdie klein horinkie 'n uitvloeisel van heidense Rome, want dit verrys direk vanuit die entiteit wat deur die verskriklike dier versinnebeeld word. In 'n sekere opsig is dit dus 'n voortsetting van bepaalde eienskappe van Rome van ouds. Dit is m.a.w. bloot 'n nuwe fase van die vierde dier. Daniël sien hoe daardie horinkie teen God se heiliges oorlog voer. Toe verduidelik die engel dat die horinkie 'n koning is wat drie ongeoorloofde dinge doen: (1) Hy sal teen die Allerhoogste laster, (2) hy sal die heiliges van die Allerhoogste vervolg, en (3) hy sal probeer om tye en wet te verander. So word die heiliges dan in sy mag oorgegee. Daarna gee die engel die tydperk waartydens die klein horinkie heerskappy sal voer: 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. Dit is profetiese taal. In dié spesifieke geval dui die woord tyd op 'n “jaar” en die uitdrukking tye op 'n verdubbeling, d.w.s. “twee jaar”. Dit is dus 'n tydperk van drie en 'n half profetiese jare, wat volgens die jaar-dag beginsel op 'n tydperk van 1.260 jaar neerkom. In daardie tydperk loods die klein horinkie 'n aanval teen God. Hy vervolg ook God se heiliges en probeer om die wet van God te verander.

Lees 2 Tessalonisense 2:1-12. Watter ooreenkomste bespeur 'n mens tussen ‘die mens van sonde’ (OAB) en die klein horinkie? Op watter mag, glo ons, dui dit? Waarom? Wat is die enigste mag wat uit heidense Rome verrys het wat nietemin deel van Rome is, 'n mag wat vanaf outydse Rome tot aan die voleinding van die aarde strek (wat beteken dat dit vandag nog bestaan)?

Die hemelse hof neem sitplekke in

Na die visioen van die vier diere, en die doen en late van die klein horinkie, sien die profeet 'n toneel afspeel in die hemelse hof (*Dan. 7:9, 10, 13, 14*). Net voordat die hofverrigtinge begin, word trone gereed gemaak en die Oue van dae gaan sit op Sy troon. Uit daardie hemelse toneel blyk dit dat derduisende hemelwesens Hom aanbid. Daarna gaan sit die gereg en die boeke word geopen. Let op 'n belangrike aspek van hierdie oordeel: dit vind na die 1,260-jaarperiode van die kleinhorning-mag se bedrywighede plaas (538 v.C. tot 1798 n.C.; let op Vrydag se les), maar wel voor die totstandkoming van die heellaaste koninkryk, dié van God. Om die waarheid te sê, die volgende opeenvolgende gebeurtenisse verskyn driekeer in Daniël se visioen in hoofstuk 7:

Die kleinhorinkie-fase (538 v.C tot 1798 n.C.)

Die hemelse oordeel

God se ewige koninkryk

Lees Daniël 7:13, 14, 21, 22, 26 en 27. Op watter maniere bevoordeel die hemelse oordeel (ondersoekende oordeel) God se getroue kinders?

Die Ou Testament beskryf etlike oordele vanuit die tabernakel en die tempel. Dié een is egter anders. Hier het ons 'n kosmiese oordeel wat nie net die klein horinkie raak nie, maar ook die heiliges van die Allerhoogste wat uiteindelik die koninkryk gaan beërwe. Daniël 7 beskryf nie die besonderhede van hierdie oordeel nie. Hy bied geen klinkklare aanloop of afloop nie. Dit sinspeel daarop dat die vermelde oordeel op die hakke van die klein horinkie se aanvalle teen God en sy kinders plaasvind. Die aankondiging van 'n oordeel van kosmiese afmetings, is duidelik die hoofsaak hier. Wanneer dit begin, is iets wat ons egter in die weke wat voorlê gaan bekyk, ook hoedat die oordeel met die reiniging van die hemelse heiligdom op die groot Versoendag verband hou. Hierdie dinge word aanstons in Daniël 8 en 9 beskryf. Wat leer ons egter hieruit? Dat daar duidelik 'n hemelse oordeel vóór die wederkoms gaan wees, waarin God in sy kinders se guns gaan beslis (*Dan. 7:22*).

Waarom is 'n deeglike begrip van die dinge wat Jesus aan die kruis vermag het so deurslaggewend vir die koestering van verlossingsekerheid in hierdie oordeelsuur voor die hemelse regbank? Watter hoop sal ons hê – of liever, hét ons enigsins hoop – sonder die kruis? (lees Rom. 8:1.)

Die koms van die Seun van die mens

Lees Daniël 7:13. Wie is die Seun van die mens hier, en hoe weet jy dat dit Hy is? Waaraan ken 'n mens Hom uit? (Lees ook Mark. 13:26, Matt. 8:20 en hfst. 9:6, asook Luk. 9:26 en hfst. 12:8.)

Terwyl die oordeel ontvou, verskyn die vernaamste figuur op die toneel: die Seun van die mens. Wie is Hy? Eerstens maak Hy sy verskyning as 'n afsonderlike hemelse figuur. Uit sy titel blyk dit dat Hy ook menslike eienskappe vertoon. Met ander woorde, Hy is 'n godmens wat aktief by die oordeel betrokke is. Tweedens is 'die Seun van die mens wat op die wolke kom' 'n algemene Nuwe Testamentiese voorstelling van Jesus se wederkoms. In dié geval, d.w.s. hier in Daniël 7:13, kom die Seun van die mens nie bo vanaf die hemel af aarde toe nie. Nee, Hy beweeg horisontaal van een plek in die hemel na 'n ander, sodat Hy voor die Oue van dae kan verskyn. Derdens dui hierdie uitbeelding van die Seun van die mens wat op die wolke kom, op 'n sigbare manifestasie van die Here. Tog laat hierdie beeld 'n mens ook dink aan die hoëpriester van ouds wat op die groot Versoendag, in 'n wolk gehul, die Allerheiligste vertrek binnegaan om die heiligdom te reinig.

Die Seun van die mens is ook 'n koninklike figuur. Hy ontvang “heerskappy en eer en koningskap en al die volke en nasies en tale... vereer Hom” (Dan. 7:14; OAB, werkwoordposisie en tydsvorm aangepas). Die werkwoord “vereer” kan ook as “aanbid” vertaal word. Die onderskeie Afrikaanse vertalings gebruik afwisselend die woorde “vereer,” “dien” en “aanbid” in hoofstukke 1 tot 7 (Dan. 3:12, 14, 17, 18, 28; Dan. 6:16, 20; Dan. 7:14, 27) en dui deurgaans op die verering van 'n opperwese. Let dus op die godsdienstige stelsel wat deur die klein horinkie versinnebeeld word en die feit dat hulle poog om God se wet te verander. Dit lei daartoe dat die aanbidding wat God alleen toekom, geëerd en geknoei word. Die oordeel wat hier uitgebeeld word, toon egter hoedat ware aanbidding – aanbidding van die lewende God – uiteindelik in ere herstel word. Een van die elemente in die pouslike aanbiddingstelsel is die invoeging van 'n sondige menslike middelaar tussen God en die mens. Daniël toon egter dat die enigste middelaar wat in staat is om die mens voor God te verteenwoordig die Seun van die mens is. Die Skrif sê immers: “Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus” (1 Tim. 2:5, OAB).

Dink net aan al die dinge wat 'n mens in die Bybel oor die lewe en karakter van Jesus lees. Hoekom is dit so vertroostend om ook te hoor dat Hy die een is waarom alles in die hemelse oordeel draai?

Die heiliges van die Allerhoogste

Wat gebeur telkens met die kinders van die Here in die volgende teksverse? Dan. 7:18, 21, 22, 25, 27.

Die “heiliges van die Allerhoogste” (OAB) is hoe die kinders van die Here hier genoem word. Hulle word deur die kleinhorinkie-mag aangeval. Vasbeslote om aan God en sy gebod getrou te bly, word hulle dan in die era van pouslike heerskappy vervolgd. Die Christene het egter ook vervolging in die voorafgaande era deurgemaak, in die tyd van die heidense Ryk van Rome (m.a.w. reeds in die tyd van die vierde dier). Nietemin is die vervolging waarvan ’n mens in Daniël 7:25 lees, ’n nuwe soort vervolging. Die drakoniese mag is nou die klein horinkie, ’n mag wat eers na afloop van heidense Rome op die toneel verskyn het.

Nietemin sal God se getroue kinders nie vir ewig aan onderdrukking deur wêreldse magte onderwerp word nie. Die koninkryk van God sál op ’n dag alle aardse koninkryke vervang. ’n Mens sien ook, interessant genoeg, hoedat die Seun van die mens in Daniël se visioen die opperheerskappy ontvang: “Aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap” (*Dan. 7:14, OAB*). Tog is die engel se interpretasie van daardie gebeurtenis effens anders: dit is die “heiliges van die Allerhoogste” wat die koningskap ontvang (*Dan. 7:18, OAB*). Tog is dit nie ’n weerspreking nie. Die Seun van die mens is immer verwant aan God én die mens. Sy oorwinning is derhalwe ook die oorwinning van dié wat Hy verteenwoordig. Toe die hoëpriester Jesus vra of Hy wel die Messias, die Seun van God is, wys Jesus hom op Psalm 110:1 en Daniël 7:13 en 14, en sê: “Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel” (*Mark. 14:62, OAB*). Met ander woorde, dit is Jesus wat ons in die hemelse hofsitting verteenwoordig. Hy het alreeds die magte van duisternis oorwin en deel sy triomf met dié wat ’n noue wandel met Hom nastreef. Ons het derhalwe niks of niemand om te vrees nie. Dit is soos die apostel Paulus tereg sê: “Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie” (*Rom. 8:37-39, OAB*).

Kyk net hoe akkuraat voorspel Daniël die geskiedenis, duisende jare voordat dit ontvou het. Hoe help dit ’n mens om daadwerklik te glo dat al God se toekomsbeloftes bewaarheid sal word?

Vir verdere studie:

'n Vlughtige kykie na die geskiedenis toon dat die Romeinse Ryk deur aanvallende barbare uit die noorde tot 'n val gebring is, waarna drie van hierdie barbaarse stamme verslaan is. Met dié het die biskop van Rome homself toe in 538 n.C. as alleenheerser in Rome gevestig. So het hy dan munt uit daardie gebeure geslaan. Sodoende is 'n proses ontketen waardeur die biskop etlike institusionele en politieke funksies van die keiser van Rome oorgeneem het. En hieruit verrys die pousdom, 'n stelsel waarin die pouslike amp aan 'n enkele persoon wêreldlike en godsdienstige mag gegee het, totdat Napoleon die laaste pous met sulke vêreikende magte in 1798 onttroon het. Tog het dit nie 'n einde aan Rome gebring het nie. Die vervolging het bloot 'n gedaantewisseling ondergaan. Die pous het nie net homself tot plaasvervanger van Christus verklaar nie, maar het ook etlike onbybelse leerstellings en praktyke ingestel. Die vagevuur, boetedoening, die aanhoor van belydenisse, asook die verandering van die Sabbatsgebod deur dit met Sondagviering te vervang – is slegs 'n handvol van die vele veranderings aan “tye en wet” wat die pousdom bekragtig het. “Uit ons eie kan ons nie die aanvalle van die duiwel trotseer nie. Nee, in sondebevleete klere staan ons voor God en bely ons sonde. Gelukkig is Jesus, ons Advokaat, teenwoordig. Hy tree in die bresse vir elkeen wat gelowig en met berou hom- [of haarself] tot Christus verbind, wat sy of haar lewe in Sy hande geplaas het. Hy is ons Advokaat. Sy verdediging vir ons is gegrond op Golgota. So wen Hy teen die een wat ons aankla. Dit is deur Jesus se volmaakte gehoorsaamheid aan God se wet dat Hy alle mag op hemel en aarde het, en ter wille van die skuldige mens dat Hy Hom op die Vader beroep, dat Hy genade en versoening vir hulle bepleit. Aan ons aanklaer sê Christus: ‘Ek sal jou straf, Satan... Hierdie man is soos 'n stuk hout wat uit die vuur gered is’ (*Sag. 3:2, NAB*). Aan diegene wat hulle gelowig op God beroep, gee Hy die versekering: ‘Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere’ (vers 4, OAB)” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 586, 587).

Vrae vir bespreking:

1. Kyk weer na die kenmerkende eienskappe van die kleinhorinkie-mag wat vanuit die vierde dier, Rome, verrys maar steeds deel daarvan bly. Wat is die enigste mag wat eeue gelede vanuit heidense Rome verrys het – 'n mag wat nie net God se kinders vervolg het nie, maar wat nou nog bestaan? Hierdie kenmerkende eienskappe bied ons duidelike riglyne vir 'n korrekte identifikasie van die kleinhorinkie-mag. Dit voorkom dat ons gissing en spekulasie besig wat tot 'n verkeerde identifikasie lei, insluitende die idee dat die klein horinkie op 'n heidense Griekse koning dui wat meer as 150 jaar voor Jesus se eerste koms van die toneel verdwyn het. Hoe bring hierdie duidelike eienskappe ons op die regte spoor, sodat ons nie die verkeerde entiteit beetkry nie? Hoe keer dit ook dat ons nie die klein horinkie as 'n toekomstige mag of entiteit sien wat sal verrys nie?